View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)



# DIE DRINGENDE NOODSAAKLIKHEID VAN OPLEIDING VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA.

**(Akademiese rede by die Gradeplegtigheid van die P.U. vir C.H.O., 10 April 1954, deur dr. S. M. Naudê, President van die W.N.N.R.)**

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om vandag deel te mag hê aan die gradedagplegtigheid van hierdie Universiteit. In Suid-Afrika het ons baie voorbeelde van hoe iets van 'n klein begin met geloof, moed en volharding tot iets groots gegroei het, en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is seer sekerlik een daarvan.

Graag wil ek almal wat grade en diplomas ontvang—die kroon op jare van studie en werk—van harte gelukwens. Mag dit vir u almal slegs die eerste sport wees op die leer van wetenskaplike vrugbaarheid en diens aan medemens en vaderland.

Die geskiedenis van die totstandkoming van die eerste universiteite met die voorlopers van die gradedagseremonie van vandag lees soos 'n roman. Voor die 12de eeu was daar nog geen sprake van universiteite nie, maar orals in Europa, veral in Frankryk en Italië, het manne hulle begin skaar om die beroemde leermeesters van die Katedraalskole wat onder die biskoppe en so onder die beskerming van die Pous gestaan het. Oor die lengte en breedte van Europa het hulle gekom in steeds toenemende getalle om letterlik aan die voete van die groot leermeesters te sit en uit hulle eie monde die stellings en beredenerings te hoor waarvan hulle reeds so verlangs verneem het.

As 'n mens dink wat 'n reis in daardie dae beteken het, besef jy eers regtig hoe groot die dors na kennis moes gewees het. Reën en modder het dikwels die slegte paaie onbegaanbaar gemaak, sneeu en koue het gedurende die wintermaande soms die deurgang versper en orals het rowers op die loer gelê en menigeen om die lewe gebring. Maar hierdie avontuursoekers in die nuwe wêreld van die kennis het hulle nie hierdeur laat afskrik nie. Wanneer hulle die een leermeester uitgehoor het, het hulle dikwels weer verder getrek, die ryk man met sy koets en gevolg, die arm man met sy bondel op sy rug om die kennis weer uit 'n ander se mond te verneem.

Dit is in hierdie tyd dat die begaafde jong edelman, Abélard, aan die voete gesit het van die kanselier van die Katedraalskool van die Notre Dame

in Parys. Op 'n sekere dag het hy die leerstellings van sy meester weerspreek en die standpunt ingeneem dat 'n mens moet verstaan om te kan glo. Met die ondersteuning wat hy van sy medestudente geniet het, het hy sy eie skool buite die mure van die Katedraalskool geopen, en so 'n stryd ontketen, wat in die 13de eeu gelei het tot die onafhanklikheid van die universiteite.

Voor Abélard moes elke leermeester die vergunning van die kanselier van die betrokke Katedraalskool kry. Geleidelik het die aantal leermeesters toegeneem, want baie studente het later ook leermeesters geword, en so het die leermeesters daartoe oorgegaan om 'n gilde te stig. 'n Seremonie wat gehou is om die nuweling in te lyf in die gilde van leermeesters, het die voorloper geword van ons huidige gradedagseremonie.

Hierdie gilde van leermeesters, Universitas genoem, het mettertyd 'n magtige liggaam geword wat nie alleen die erkenning van die Koning gekry het nie, maar ook van die Pous, en het later selfs 'n gesant aan die pouslike hof gehad. Tussen die publiek van Parys en die studente het menige bloedige opstootjie plaasgevind, maar op die end het die dosente en studente tog gewoonlik geseëvier, hoevel hulle in 1229 soos een man Parys moes verlaat om die burgers van die stad en die Koning te laat besef wat hulle vir Parys beteken, en so tot erkenning van hulle regte te dwing.

Die geskiedenis van Parys is in hooftrekke ook die van die ander Universiteite van Europa, en toon ook die lang en moeisame stryd wat voorafgegaan het voor die eerste Universiteit sy uiteindelike posisie van selfstandigheid en outonomie bereik het.

Die leermeesters en skoliere van daardie tyd was besiel met 'n drang na kennis en wysheid, en die stryd wat gevoer is was 'n stryd om los te kom van magte en invloede van buite wat hulle strewe kon belemmer. Die stryd het soms gepaard gegaan met groot opofferings van besittings en menselewens, maar die uiteindelike doel is steeds voor oë gehou, en hulle het uiteindelik geseëvier.

Die geskiedenis van die ontstaan van ons eie universiteite toon nie minder ywer, opofferings en deursettingsvermoë nie. Neem maar u eie verlede. Die geloofsdaad van die Gereformeerde Gemeente van Burgersdorp, wat 'n pastorie en geboue beskikbaar gestel het vir die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, om behalwe jong manne in die teologie ook studente in ander rigtings op te lei, spreek boekdele. U ken almal die geskiedenis, maar as 'n mens terugdink aan die jaar 1869, en jy dink daaraan

dat ons volk in daardie tyd nog nie eers sy pionierstadium behoorlik ontgroei het nie, dat daar nog geen industrieë en ontgonne hulpbronne was nie, dan besef jy eers die omvang van so 'n geloofsdaad. En die mense was arm —arm aan leermeesters, aan studente, ook arm aan geld. Ds. Postma het weliswaar £1,000 in die gemeentes van Kaapland ingesamel vir die doel, en al was 'n pond in daardie dae heelwat meer werd as vandag, dan vra ek nog wat is £1,000 as jy 'n Universiteit van onder af moet begin? Ek sê weer die mense was arm aan materiële dinge, maar tog het hulle 'n skat gehad wat ons hulle vandag kan beny.

In die eerste plek was hulle ryk aan moed en verbeelding. Reeds in daardie vroeë jare het hulle ingesien dat S.A. 'n groot land sou word en dat slegs wanneer sy seuns en dogters behoorlike opleiding kon ontvang, hulle hulle plek sou kon volstaan in die toekoms. In die tweede plek was hulle rykelik bedeel met 'n liefde vir kerk en volk, en geen opofferings is te groot geag om hulle doel verwesenlik te sien om hulle kinders in hulle eie land, volgens die tradisies van hulle vaders, hoër onderwys te laat ontvang nie

Sedert 1869 het die opleidingsentrums van Suid-Afrika onherkenbaar verbeter. Vandag het ons agt selfstandige Universiteite, wat steeds beter en beter fasiliteite skep vir die opleiding van die jeug van Suid-Afrika. Selfs in my kort ervaring van doseer- en wetenskaplike werk in Suid-Afrika oor die afgelope 23 jaar is hierdie vooruitgang met groot versnelling gehandhaaf. Nog geen dertig jaar gelede nie was die navorser in Suid-Afrika 'n bedelaar. Hy het persone en firmas links en regs genader vir bydraes van 'n paar pond, en dikwels is hy met veragting weggestuur, omdat die navorser nog 'n onbekende persoon was. Ek dink hier veral aan 1931 toe ek my eerste aanstelling aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar het. In daardie dae moes 'n navorser van die formaat van dr. B. F. J. Schonland sy eie vervoer van Kaapstad na Johannesburg betaal, waar hy gedurende die somervakansie navorsing oor weerlig gaan doen het. Selfs die vervoer van sy instrumente moes hy bekostig.

Dan dink ek ook aan 1934 toe ek professor geword het aan die Universiteit van Stellenbosch. Ek en my magisterstudente moes in 'n kelder werk wat gedeeltelik nog grondvloere gehad het. Wanneer die vind gewaai het, moes ons 'n stryd voer teen die stof. Die vloere was so onstabiel dat gevoelige proewe snags uitgevoer moes word, wanneer die voorgraadse studente uit die gebou was. Toerusting en ruimte vir die spesiale rigting waarin ek opleiding ontvang het, was nie beskikbaar nie, en my eerste doktorstudente moes op bioklimaat- en kosmiese straalprobleme werk. Maar met die hulp van

vriende van die wetenskap, soos dr. Hans Merensky, het Stellenbosch in 1941 sy nuwe gebou vir Fisika met spesiale voorsiening vir navorsingswerk betrek. Dit verheug my om te verneem dat ook u Universiteit besig is om 'n nuwe gebou vir Fisika op te rig, en ek wil u daarmee gelukwens.

Die oprigting van nuwe Fisikalaboratoria op Stellenbosch en hier in Potchefstroom is maar net voorbeelde van 'n stelselmatige verbetering in fasiliteite vir die opleiding van die jeug wat dwarsdeur Suid-Afrika plaasgevind het gedurende die afgelope tien tot vyftien jaar. Ons jong mense lewe vandag in 'n tydperk van pragtige fasiliteite en wonderlike geleenthede. Goed toegeruste universiteite en tegniese kolleges, waar 'n mens basiese kennis vir jou verdere opleiding kan verkry, bestaan op baie plekke in ons land. Uitstekend toegeruste laboratoria, soos die van die W.N.N.R. te Pretoria, is intussen opgerig. Die nywerheid wat al meer die noodsaaklikheid van navorsingswerk besef teneinde hulle produksiemetodes te verbeter en die arbeidsdoeltreffendheid van hulle arbeiders te verhoog, rig nou ook al meer en meer moderne laboratoria op.

Beurse word deur die Regering en inrigtings soos die universiteite, die W.N.N.R. en die nywerhede beskikbaar gestel vir verdere nagraadse opleiding in navorsing. In 1953 is £90,000 vir navorsing aan die universiteite beskikbaar gestel deur die Regering in vergelyking met slegs £3,000 in 1938. Die aanvraag na behoorlik opgeleide jong manne en vroue word steeds groter, en nog nooit was die geleentheid vir 'n jong Suid-Afrikaner met die nodige begaafdheid, opleiding en deursettingsvermoë so groot soos vandag nie. Die gedagte aan al hierdie wonderlike geleenthede laat ons, wat reeds tot die ouer geslag behoort, watertand.

As ons tergudink aan die stryd van die eerste universiteite om erkenning van hulle regte, en aan al die opofferings wat daarmee gepaard gegaan het, en ons dink aan daardie gees van opoffering van ons eie voorouers, wat gelei het tot die totstandkoming van inrigtings soos die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., en aan al die wonderlike fasiliteite vir studie en opleiding, wat vandag ook in Suid-Afrika bestaan, dan sou ons verwag dat ons universiteite nie genoeg ruimte sou hê vir al die studente wat na kennis dors nie, en dat daar geen tekort aan opgeleide jong Suid-Afrikaners sou wees nie.

Maar, helaas, wat vind ons? Ons weet dat van 253,000 skoolkinders in Transvaal vandag, slegs 24% van die wat Std. VI slaag, aangaan na Std. X. Vir die hele Unie is die syfer 32%. Hoewel 'n verbetering in die syfer

verwag word as gevolg van die stigting van meer hoërskole op die platteland deur die Transvaalse Administrasie, bly die toestand tog sorgwekkend. Die tragiese feit is dat die meeste van die skoliere wat die skool so vroeg verlaat, afkomstig is van Pretoria en die Witwatersrand, d.w.s. by die poorte van die universiteite. Dit is duidelik dat die leerlinge gelok word deur betrekkings in nywerhede en besighede. Ek weet ons lewe in moeilike tye. Alles is peperduur, en ouers is dankbaar as die kinders vroeg reeds op eie bene kan staan, en self kan verdien. Maar is ons as ouers nie besig om vas te kyk in die materiële dinge nie, en die belangriker dinge uit die oog te verloor nie? Moedig ons genoeg ons kinders aan om hoog te mik en gebruik te maak van die bestaande fasiliteite, om hulle beter te bekwaam vir die lewe? Hoe steek ons geloof en oortuiging nie af by die van die gemeente van Burgersdorp in 1869 nie?

Ondersoek ons die toestande aan die universiteite dan vind ons dat slegs 60% van die wat matriek maak, gaan na die universiteit, en slegs 30% verwerf 'n graad. Ongeveer 45% van die eerstejaarstudente sak in een of meer vakke. Dit word aan allerhande oorsake toegeskryf, soos die gebrek aan koshuise, die onrypheid van die studente wat van die skoolbanke kom, die metodes van die voorbereiding vir die matrikulasie-eksamen, en die ontgroening deur die ouere studente, wat te veel tyd van die eerste jaar in beslag neem. Ek wil 'n verdere moontlike oorsaak hier noem. Myns insiens ontbreek dit in die meeste gevalle aan 'n ernstige dors na kennis. As dié dors daar is, sal al die ander gebreke oorkom word.

Hoe baie van ons studente is vandag nie hoogs tevrede met die aantekenings van die dosent nie. Hoe min maak gebruik van boeke en die biblioteek om die beknopte aantekeninge van die dosent aan te vul. Hoe graag sou ek nie sien dat voorlesings in die huidige vorm, totaal afgeskaf word nie en vervang word deur 'n geleentheid vir studente om vrae te stel aan die dosent oor boeke wat hulle gelees het oor die onderwerp wat behandel word.

Toe ek aan die Universiteit van Berlyn studeer het, was Einstein een van ons professore. In die gewone loop van omstandighede het hy nie voorlesings gehou nie. Die studente moes hom spesiaal vra. By een geleentheid het hy voor ons klas verskyn, en begin met te vra of daar enige vrae was wat die studente wou stel. Almal was te bedeesd om die groot geleerde iets te vra. Toe neem hy sy hoed, en wou net die saal verlaat, toe iemand hom 'n vraag stel wat hom teruggebring het. Hy vertel ons toe dat hy geen geloof in voorlesings het nie. Hy verseker ons dat hy nie baie moeite neem

vir die voorbereiding van 'n voorlesing nie. Wanneer hy sy huis verlaat en die trein bestyg, begin hy oor die voorlesing te dink, maar wanneer hy 'n boek skryf, dan bestudeer hy elke woord en elke sin. Studente sou dus veel meer leer uit sy geskrifte. In die klasse kon hulle hom egter vrae stel oor wat hy geskryf het. As ons studente ook maar meer die waarde van die geskrewe woord kon besef, en die dosente meer as hulle rigtingaanduiders in hulle studie kon beskou vir wie hulle vrae kan stel wanneer hulle iets nie verstaan nie.

Ondersoek ons die toestande aan die universiteite verder, dan vind ons die verskynsel dat so baie studente tevrede is met 'n baccalaureusgraad, en nie eers daaraan dink om 'n meestersgraad te verwerf nie. Al die universiteite kla hieroor. Hulle sê die nywerheid maak aan baie studente aanbiedings nog voor hulle die baccalaureusgraad behaal het, en dit is natuurlik 'n faktor wat hier 'n baie belangrike rol speel. Jy hoor baie studente sê: „As ek na 3 jaar universiteitsopleiding £50 en meer per maand kan verdien, sal ek so dom wees om dit van die hand te wys? Die timmerman en die messelaar verdien buitendien meer as die akademies opgeleide persoon, en sy opleiding kos hom baie minder."

Laat sulke studente tog onthou dat die nywerheid mannekrag nodig het om in hulle steeds groeiende behoeftes aan wetenskaplik opgeleide personeel te voorsien. Hoe hoër die kwalifikasies van so 'n studente, hoe groter sy geleenthede. Dit is oor en oor bewys dat die man met die hoër graad van opleiding baie vinniger klim en gewoonlik bo uitkom, terwyl die man wat die universiteit te gou verlaat, sy lewe lank tevrede sal moet wees met 'n middelmatige pos.

Ongelukkig skyn dit juis die Afrikaner-student te wees wat die neiging openbaar om die universiteit so gou te verlaat. Ek weet dat die Afrikanerstudente nie tot die rykste groep in die land gereken kan word nie. Maar nou vind ons ook dat waar beurse aangebied word vir verdere studie, dit weer die Afrikaner-student is wat die minste belangstelling toon. U dink miskien dat ek oordryf as ek dit sê, maar ek kan syfers aanhaal om hierdie bewering te staaf. Miskien besef ons Afrikaner-jeug nie genoegsaam die geweldige kompetisie wat by die dag sterker word in die wêreld van vandag nie. Dit kan ook wees dat ons Afrikaner-jeug nie meer so idealisties is as 20 tot 50 jaar gelede nie. As ons dink aan manne soos wyle dr. H. J. van der Bijl, dr. F. Meyer, dr. H. J. van Eck, dr. P. J. du Toit, dr. J. Theo. Hattingh en talle ander, dan vind ons dat hulle oorsee gegaan het na 'n baccalaureusgraad of magistergraad, nie omdat hulle geweet het van 'n groot

betrekking wat hulle in die skoot sou val by hulle terugkeer nie, maar omdat hulle aangevuur was deur 'n ideaal en 'n drang om meer kennis op te doen. Die meeste van hulle was hulle tyd ver vooruit. Dr. van der Bijl, byvoorbeeld, het ongeveer tien jaar in die V.S.A. moes werk voordat Suid-Afrika hom kon gebruik om die Elektrisiteitvoorsieningskommissie met al sy kragstasies te kom oprig, en daarna die fondamente van Yskor te lê. Dr. Meyer weer moes na sy terugkeer uit Duitsland eers optree op die redaksie van 'n koerant. Sommige van hierdie manne moes geld leen vir die studie oorsee, en hulle het dikwels moeilike tye deurgegaan, maar dit kon nie hulle idealisme demp nie, en uiteindelik kon elkeen van hulle sy plek inneem en sy groot rol speel in die opbou van ons land.

Ons vind dat die jong Afrikaner van vandag daarenteen huiwerig is om vir verdere studie oorsee te gaan. Hy sal alleen gaan as 'n goeie beurs hom aangebied word en hy die versekering het dat 'n goeie betrekking hom wag by sy terugkeer. Dit mag materialisme wees, maar dit kan ook 'n gebrek wees aan durf en ondernemingsgees, aan visie en deursettingsvermoë. Het ek nie reeds gesê ons moet weer gaan besieling soek by daardie ou pioniere van Burgersdorp nie?

Die posisie van die Afrikaner in die wetenskap is verontrustend. Daar was 'n tyd toe feitlik twee of drie uit elke vier Suid-Afrikaanse studente oorsee Afrikaners was, maar uit gegewens waaroor ek beskik, twyfel ek of dit vandag een uit elke vier is.

Ek noem u hierdie feite, nie om onnodig fout te vind nie, maar om u te laat besef, dat in die tyd waarin ons vandag leef niemand, en die Afrikaner in Suid-Afrika die minste van almal, dit kan bekostig om die hande slap te laat en te dink: „Dit gaan goed. Ons leef in 'n tyd van welvaart. Waarom moet ons ons onnodig moeg maak?"

Suid-Afrika is geseën met wonderlike skatte. Ons het die goudmyne op die Rand en die O.V.S.; ons het ryk steenkoollae en ander ertse. Onlangs weer is groot uraanvoorkomste ontdek. In byna al die gevalle moes mense van oorsee ingevoer word om hierdie skatte van ons te ontwikkel. Op die oomblik staan die wêreld aan die vooraand van die eeu van atoomenergie en ook ons land gaan beurse beskikbaar stel vir die opleiding van jong Suid-Afrikaners op hierdie gebied. Die Staat het reeds 'n opleidingsentrum vir kernfisika onder die W.N.N.R. by Pretoria goedgekeur. Staatsondernemings en industrieë brei met 'n verbasende snelheid uit. Orals staan die deure oop vir die deeglik opgeleide man, en die geleenthede om

tot die hoogste sport te klim en om onskatbare dienste aan land en volk te lewer, was nog nooit so groot as juis vandag nie.

Dit is oor en oor bewys dat die Afrikaner-student vir niemand ter wêreld hoef terug te staan nie, as hy net wil.

Die toestand word veral ernstig as ons daaraan dink dat slegs 2½ miljoen blankes in Suid-Afrika vandag staan teenoor ongeveer 10 miljoen naturelle. Van die intelligentsia van hierdie klein blanke groep moet die leiding uitgaan op administratiewe, wetenskaplike, tegniese en professionele gebied. Soos die brein dit vir die liggaam moet doen, moet hierdie klein groep begaafde, opgeleide blankes vir die res van die land dink en handel. Aan hulle word geweldige eise gestel op elke gebied, en op hulle word enorme verantwoordelikheid gelê. Nie alleen moet hulle die dinkwerk doen vir die massa nie, maar hulle moet ook as vaandeldraers van ons Christelike beskawing steeds die rigting aanwys en bepaal. Van die blanke groep word verder verwag dat hulle feitlik vyf keer so veel mense met bogemelde bekwaamheid, intelligensie, opvoeding en karakter moet produseer as wat van 'n gemiddelde Wes-Europese gemeenskap verwag word.

En tog, ten spyte van hierdie hoë eise en die werkgeleenthede wat as gevolg daarvan ontstaan het, beleef ons vandag 'n toenemende tekort aan manne van uitstaande bekwaamheid wat in staat is om leiding te gee in ons ingewikkelde moderne tegnologiese samelewing. Veral word hierdie tekort gevoel in die geledere van die wetenskaplikes, ingenieurs, onderwysers en professionele mense in die algemeen. 'n Omvattende opname van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat op aanbeveling van die Akademie gemaak is, het aan die lig gebring dat die tekort aan opgeleide ingenieurs in 1950 2,143 was, en dat dit in 1960 ongeveer 6,000 sal wees, as daar ten volle gebruik gemaak word van die bestaande opleidingsfasiliteite in Suid-Afrika. Dit is hierdie mense wat vir ons moderne gemeenskap onontbeerlik is. Dit is hulle wat op hoogte moet bly van alle moderne ontwikkelings in die buiteland, wat nuwe masjiene moet ontwerp vir en aanpas aan ons behoeftes, wat nuwe prosesse moet uitwerk om produktiwiteit op te skuif, wat die meeste moet maak van die middele wat ons tot ons beskikking het, en steeds nuwes moet probeer ontdek; dit is ook hulle wat ander moet oplei en bekwaam wat die werk weer op hulle beurt moet voortsit.

Hierdie tekort aan mannekrag by die bo-end, het onvermydelik tot ge-

volg gehad dat daar 'n opwaartse verskuiwing in die hele piramiede plaasgevind het. As gevolg hiervan bevind baie blankes hulle in posisies waarvoor hulle nie die opleiding nie, nog minder die potensialiteite besit. In die geleerde professies en in die tegnologie, word weliswaar hoë opvoedkundige en professionele kwalifikasies vereis, en dit dien as 'n beveiliging, maar selfs hier bestaan die gevaar dat die standaarde geleidelik verlaag sal word. In ons skole met die tekort aan onderwysers het hierdie gevaar reeds sy kop uitgesteek, en dit kan ook uitbrei na ons tegniese skole en universiteite. Namate die bekwaamheid van ons onderwysende personeel afneem, sal ook die standaard en tegniese bekwaamheid van die produkte van ons opleidingsentrums afneem.

U sal my miskien vra: „Maar wat kan ons aan die saak doen?" U en ek, elkeen van ons kan hierdie saak onder die aandag bring van almal met wie ons in aanraking kom. Laat elkeen van ons 'n propagandis word wat hierdie saak betref.

Vir u wat dosente is vra ek om die jong mense wat aan u sorg toevertrou is, te besiel, en aan te moedig om die beste van hulle voorregte te maak. Dring aan by die begaafdes onder hulle om nie net met die baccalaureusgraad tevrede te wees nie, maar ook die magistergraad en doktorsgraad te behaal. Let op die beurse wat van tyd tot tyd geadverteer word vir studie oorsee. Soek die man uit, wat vir 'n spesifieke beurs bekwaam is, en dring by hom aan om daarvoor aansoek te doen. Moenie dit aan die student alleen oorlaat om self te besluit nie. Hy besef gewoonlik nie wat hy kan bereik deur oorsese studie nie. Dit gee hom nie alleen meer kennis nie, maar verleen aan hom 'n breedte en diepte van uitkyk wat hy alleen daar kan kry. Moedig u studente aan om 'n opleiding te kry in navorsing. Die navorser hou die sleutel vir die toekoms in die hande.

Aan u wat ouers is, vra ek om u kinders aan te moedig en te help. As hulle die begaafdheid het, laat hulle dan tenminste matriek maak, en indien moontlik ook die universiteit besoek.

Aan u wat studente is, wil ek vra om die beste gebruik te maak van u geleenthede, van u voorregte en veral ook van u talente. Moet met niks minder as die allerbeste waartoe u in staat is, tevrede wees nie. Onthou, u is die leiers van môre. U kan nie bekostig om u talente te begrawe nie.

En aan u wat grade ontvang het, wil ek net vra dat u waar u nou uitgaan oor die lengte en breedte van die land, hierdie feite onder die aandag

moet bring van almal met wie u in aanraking kom. Dring aan by die ouers om hulle gegaafde kinders nie voor matrikulasie uit die skool te neem nie, en waar moontlik 'n hoër opleiding te laat geniet.

Nog nooit het 'n klein volk voor so 'n uitdaging gestaan nie. Nog nooit was egter die geleenthede vir 'n volk om sy bydrae te lewer tot die oplossing van die rasse-, wetenskaplike en tegnologiese probleme juis so groot soos ons s'n nie. Maar dan sal elke geleentheid benut en elke krag tot die uiterste ingespan moet word, en veral sal dit ons ook nie moet ontbreek aan daardie geloof, en durf, wat so kenmerkend was van ons stoere voorouers nie.